

## ONS GEE OM...

1. **BESPREEK:** Watter van die volgende “Mekaar”- maniere van Omgee is die maklikste en watter die moeilikste om te doen? In die algemeen en vir jou as individuele Christen.

1. Sien om na mekaar deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade Hebr 10:24
2. Wees lief vir mekaar 1 Joh 3:11
3. Dra gelyke sorg vir mekaar 1 Kor 12:24-26
4. Dra mekaar se laste Gal 6:2
5. Wees eensgesind Fil 2:2
6. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar... Ef 4:32
7. Vergewe mekaar Ef 4:32b
8. Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar EN bid vir mekaar Jak 5:16
9. Ons help mekaar op die regte weg Romeine 15:14
10. Wees aan mekaar onderdanig Ef 5:21
11. Aanvaar mekaar Rom 15:7
12. Bemoedig en versterk mekaar 1 Tess 5:11
13. Betoon hartlikheid teenoor mekaar Rom 12:10a
14. Bewys eerbied teenoor mekaar Rom 12:10b
15. Wees vriendelik met mekaar Ef 4:2a
16. Wees geduldig met mekaar Ef 4:2b
17. Verdra mekaar in liefde Ef 4: 2c

2. **BESPREEK:** aan watter moet ons as gemeente baie meer aandag gee omdat ons daarin te kort skiet?
3. **LEES** Hand 2: 38-47. **DEEL:** Wat staan vir jou uit/spreek jou aan?
4. **Wat wys vir ons aan dat hierdie eerste gemeente ‘n Omgeegemeente-atmosfeer gehad het?**

<b>O</b> .....	v42
<b>M</b> .....	v44 en 45
<b>G</b> .....	v42 en 46
<b>E</b> .....	v44
<b>E</b> .....	v47

5. **BESPREEK** die volgende stelling, veral na aanleiding van die 3 tekste: **Ons kan omgee vir ander/almal, want God gee vir ons om**; Hy het ons eerste liefgehad (“toe ons nog sondaars was”)
- *Omdat God so baie vir ons omgee, het Hy hierdie Man, Jesus Christus, na ons gestuur om ons vry te maak. Jesus is die sigbare bewys van God se ongelooflike goedheid. Rom 5:15*
  - *Soos my Vader My ken en Ek Hom ken, so ken Ek en elke gelowige mekaar. Omdat ons vir mekaar omgee, sal Ek liewer sterf as om toe te laat dat my volgelinge iets oorkom. Johannes 10:15*
  - *Daarom het Hy Jesus Christus gestuur om ons te kom verlos. God doen dit omdat Hy baie vir ons omgee, nie omdat ons so goed leef nie. God het Jesus soos ‘n offerlam laat slag vir al ons sondes.....Hy het besluit om ons sondes op Jesus Christus te laat neerkom. Daarom kan Hy nou elkeen vryspreek wat in Christus glo. Romeine 3:25*
6. **BID SAAM:** vra die Here om ons deur die Heilige Gees te help om groter Omgeemense en –gemeente te wees